

Maandelikse gemeentebrief Augustus 2018

Die siekte van ons tyd

By die koorfees het ek sit en dink aan alles wat ek kon doen in die tydjie wat ek daar was en toe besef dat ek dikwels so besig is om te jaag na die volgende afspraak of sperdatum dat ek vergeet om die huidige oomblik te geniet en ten volle te beleef. Toe ek besluit om myself ten volle oor te gee aan die oomblik en die ervaring van musiek, kleur en klank, kon ek vir die eerste keer in 'n baie lang tyd regtig elke hoendervleismooi oomblik van die koorfees geniet!

Ek sien toe met hoeveel oorgawe die kleintjies uit volle bors sing. Poniesterte wip soos die koppies draai om hul mammas in die gehoor te soek. Taai handjies kom koop pouse 'n swietie by die snoepie en raak opgewonde oor die jellieslange wat grilligerig om hul vingers kronkel. Die tieners loer skaam-oog vir die grootmense, maar veral vir mekaar...

Die hele week ervaar ek vlymskerp en intens elke emosie wat na my kant toe kom. Ek besluit om nie weg te skram van seer of hartseer, vieswees of konflik nie. Ek laat myself toe om weer 'n slag te voel. Ek maak 'n plan om doelbewus by my huismense uit te kom en vir 'n oomblik by die kantoorpersoneel stil te staan en uit te vind hoe dit regtig gaan.

Gewoonlik vermy 'n mens mos die emosie rondom dinge, want dit kan omkrap of seermaak. Maar ek het nou weer besef dat as 'n mens die emosie uitsluit, jy ook afgestomp raak vir die mooi in die lewe, of die lekker van menswees. Dit is emosie wat 'n mens laat "tiek"!

Hier by die kerkkantoor kry ons elke dag te doen met groot mylpale in mense se

lewens. Ons is saam opgewonde oor 'n nuwe baba, saam hartseer oor 'n sterfte, saam trots op 'n belydenisaflegging of 'n doop. Ons hanteer die dinge van die lewe saam met gemeentede. Ons is anders as 'n ander besigheid, want hier maak die mens agter die professionele beeld saak. Wie jy is tussen jou mense is die persoon vir wie ons lief is; nie die persoon wat jy voorgee om te wees in die wêreld nie. Hier by ons kan jy kaalvoet en maskerloos jouself wees, foute en al. Want ons verstaan iets van 'n gebroke wêreld en 'n Verlosser wat gekom het vir mense soos ons. Jy hoef nie hier guns te kom verdien nie. Jy kan maar net kom aanklop en ons sal luister en help en saam opgewonde of hartseer wees. Dís ons besigheid!

My week van intense belewenis het my ook opgewonde en dankbaar gelaat oor die seën in ons gemeente. My wens vir jou vandeemaand is dat jy jouself sal toelaat om werklik te voel. Gebruik jou sintuie om die lekker en swaar van menswees te ervaar, want in plaas daarvan dat jy sal voel of jy tyd mors, sal jy voel dat jy leef! In plaas daarvan dat jy wegstrem van trane, sal jy trane van geluk deel. En in plaas daarvan dat jy ander mense net bolangs leer ken, sal jy ook jouself leer ken. Mag Augustus ook jóú maand van voel en menswees wees!

Saret Britz, Gemeentebestuurder